# M&T 45meter

**HIERDIE VERPAKKING BETAAN UIT:**

- 1 x 50mm nylon plunjer (met suiers) en een 8 mm nylon stafie.
- 1 x nylon koppelstuk met veerbelaaide voetklep.
- 1 x nylon T-stuk.

**U BENODIG:**

1. Buitepyp: 63mm Klas 6 Tipe 4 Plastiese pyp.
   **MATES: Buitemaat: 63mm en Binnemaat: 55mm***
2. Binnepyp (stang): 50mm Klas 10. Tipe 4 Plastiese Pyp.
   **MATES: Buitemaat 50 mm en Binnemaat 40mm***
3. Gereedskap
   - Koordlose boor, ‘n 8mm boor punt en 25mm hout boor punt
   - 8mm Bout en moertjie om deur die houtstang te pas, rasper of skaaf
   - Gas brander en stukkie metaal om die nylon stafie se punte te smelt en smee
   - Hamer en Waterpomptang, Nr 13 Moersleutel, Skuifmoersleutel en Ketting / Bobbejaan Moersleutel
   - Sterpunt skroewedraaier, Ystersaag, Maatband
   - 32 mm koppelstuk vir die T-stuk, 32mm pyp om water te herlei na die dam

***NOTA: Dit is belangrik om seker te maak die binne en buitemaat is presies soos bo aangedui. Daarom gee ons die klas tipe sowel as die presiese mates vir ingeval die klas tipes se name verander.**

**MONTERING INSTRUKSIES:**

**1. Voorbereiding en wenke**

- **NB: MEET DIE SABS GOEDGEKEURDE PYPE SE BINNE EN BUITE MAAT EN VERSEKER DIT IS KORREK.** Enige variasie sal veroorsaak dat die stelsel nie korrrek funksioneer nie.
- Meet die watervlak tot by die voetplaat, damhoogte en houstang. Indien u alles reeds voor die tyd meet, kan die hele stelsel presies met die korrekte lengtes by u huis (waar u die gerief van kraggereedskap het) voltooi word. Indien u egter twyfel waar die T-stuk en boonste gaatjies moet kom, moet daardie deel van die instruksies by die windpomp uitgevoer word.
- Werk deurentyd skoon sodat sand of uitboorsels nie in die pype beland nie. Sorg dat die plastiese pype nie beskadig of platgedruk is nie.
- Laat die pype ‘n ruk in die son lê in ‘n reguit lyn. Buig die eerste meter of twee mooi reguit om die afsak in die boorgat te vergemaklik. Die binnepyp kan makliker in in die buite pyp ingedruk word as dit nat gemaak word.
- Meet die afstand vanaf die diepte wat die pype onder die watervlak moet sak tot 800mm bokant die damwal of watertenk. Sny albei pype op hierdie lengtes soos gemeet af.
- Al die komponente is van nylon, moet dit nie oordadig vasgedraai word nie.

**2. Monteer Dompelstuk (Plunjer)**

- Die plunjer se agterkant word in die binnepyp gedruk. Boor ‘n 8 mm gat deur die pyp en die plunjer. Verwyder al die plastiek-boorsels wat die stelsel kan verstop. Steek die nylonstafie deur die gaatjies en smelt die punte plat om te verhoed dat dit verskuif.
- Boor ag x 8mm-gaatjies deur die binnepyp bokant die plunjer. Moet egter nie dwarsdeur boor nie, maar net deur die wand van die binnepyp, versprei die gaatjies reg rondom die binnepyp. Verwyder plastiek boorsels.
- Die binnepyp met die dompelstuk word versigtig terug gedruk in die buitepyp. Help suiers met ‘n skroewedraaier in die buitepyp in, terwyl druk op die plunjer geplaas word. Werk versigtig sodat suiers nie beskadig word nie.

3. **Monteer die Nylon Koppelstuk**


- Die nylon-koppelstuk met die veerbelaaide voetklep word nou aan die onderpunt van die buitepyp gemonteer. Die is belangrik dat die pyp diep genoeg deur die rubberseël dring tot teen die wit skyf. Draai vas met die ketting / bobbejaan moersleutel maar wees versigtig om nie oordraad te draai nie. Opsioneeel kan 'n sif aan die onderpunt van die voetplek aangebring word ter wille van onsuiwerhede.

4. **Monteer T-stuk en Voetplaat**

- Die T-stuk wat die water na die dam lei, word ongeveer 800mm vanaf die bopunt van die pyp aangebring en moet hoër as die dam wees sodat water met 'n afwaartse helling in die dam in loop.
- 'n 25mm-gat word in die buitepyp geboor waar die T-stuk gemonteer moet word. Verwyder enige plastiek uitboorsels voordat die T-stuk in posisie geplaas word met sy rubberseël om die 25mm-gat.
- Merk die binnepyp met 'n skerp voorwerp deur die gat in die T-stuk, trek die binnepyp tot by dié merkie uit. Boor ag x 8mm gaatjies aan die bo- en onderkant van dié merk. Moet egter nie dwarsdeur boor nie, maar net deur die wand van die binnepyp, versprei die gaatjies reg rondom die binnepyp. Verwyder plastiek boorsels.
- Die binnepyp word teruggestoot totdat dit gelyk met die houtstang. Die houtstang se slag moet na onder wees.
- Die punt van die houtstang word effens rond gevyl om in die binnepyp te pas. Boor 'n 8mm gaatjie deur die binnepyp en houtstang en koppel met 'n 8mm boutjie en moertjie.
- Die voetplaat, wat op die boorgat se opening pas, word op die gewenste hoogte onder die T-stuk aangebring.
- Indien nodig, pas die voetplaat aan sodat die 63mm buitepyp daarin pas.

5. **Finale wenke**

- Die pypstelsel moet altyd met 'n wye boog in en uit die boorgat geplaas en gehaal word – verkieslik oor die eerste dwars-sport van die windpomptoring net bo of gelyk met die houtstang.
- Die stuk pyp bokant die voetplaat moet behoorlik met hoekyster en draad ge-anker word. Die houtstang kan ook in hoë torings gestabiliseer word op hierdie manier




- Herlei die water vanaf die T-stuk met 'n plastiekpyp van 32 mm na die dam met die 32mm koppelstuk (nie ingesluit).
- 'n 1 meter lange gegalvaniseerde pyp kan onder, bo-oor die buitepyp geplaas word en tot rus kom bo-op die voetklep. Dit dien as anker sodat die pyp nie onder teen die rand van die boorgat skaaf en beskadig word nie.
- **TOETS** die stelsel deur die binnepyp los te maak van die houtstang en met 'n skroewedraaier deur die binnepyp gaatjie, die pyp op en af te pomp sodat water bo uitkom. Nie net wys dit die stelsel is reg gemonteer nie, maar enige vuiligheid word sodoende uitgespoel.
- Aanvanklik lewer die stelsel nie teen 100% kapasiteit water nie, omdat daar lug in die pype is en die suiers nog nie sag is om die vorm van die plastiese pype aan te neem nie. Afhangende van die wind, behoort dit egter binne 'n paar dae voldoende te wees.

**DIE POMP EN STELSEL IS NOU GEREED OM WATER TE GOOI.**